HOËRSKOOL
WATERKLOOF

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za UITGAWE 1 | 2023

Wenners van Beste nuusfoto en Beste spotprent in Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2022

# Die hart van Kloof klop atletiek

Jani Strydom en Kayla Strydom




- Fotograaf: Vivienne Pio -

Die blou tartanbaan het tydens die sonsopkoms geblink, die gazebo's is opgeslaan, die stophorlosies is uit 'n donker kas gehaal en die trofeë is blinkgevryf. Alles was perfek vir een van die grootste atletiekbyeenkomste nog.

Op Vrydag 24 Februarie 2023 het die hoogtepunt op die atletiekkalender: die A-bond-interhoër plaasgevind. Wat 'n groot verskil maak 'n jaar nie! Waar ons verlede jaar in die skoolsaal na die atletiek moes kyk, kon 1700 opgewonde Klofies die graswalle vul en die atletiek regstreeks geniet.

Die Klofie-atlete het lank en hard geoefen en by hierdie byeenkoms het hulle die vrugte daarvan gepluk. Met Kayla Murray en Dale Arlow as atletiekkapteine het Kloof beslis geweet dat daar 'n oorwinning op die horison is.

Die versie: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee, daarom sal ek nie bang wees nie," het die atlete bemoedig. Gelukkig was die atlete nie alleen nie, want kort na die eerste skoot geklap het, het die Klofies die atlete aangespoor. Kloof se dirigente onder leiding van Meagan en Edan, het vir lekker gees onder die leerders gesorg. Die son was fel, maar gelukkig was Kloof se spoggerige geel hoedjies daar om die leerders teen die ergste son te beskerm. Die luidrugtige Klofies wat "Ons het die GEES" skreeu, het Kloof se atlete gemotiveer om hulle alles op die veld en die baan te gee.

Alhoewel Kloof nie die A-bond-interhoër gewen het nie, was die Klofies vasbeslote om by die NWU Super Interhoër vir almal te wys dat Kloof nie so maklik tou opgooi nie.

Op Woensdag,1 Maart 2023, was die Klofies weer vroeg na die Pilditch Stadion op pad vir die Super Interhoër waar Kloof as gasheer opgetree het. Die Klofies is die eer gegun om die dag op die pawiljoen deur te bring en was dit nie 'n verbetering van die graswalle nie! Van ver af kon 'n mens die see van Klofies op die volgepakte pawiljoen sien. Woensdag se gees was elektries en die pawiljoen het onder die Klofies se voete gebewe. As 'n geesbeker op die spel was, het Kloof dit beslis verower.

Aan die einde van die besige dag, met die son wat in die weste van Pretoria sak, het Kloof met harte wat bars van trots die skoollied gesing en so het nog 'n ongelooflike dag van atletiek ten einde geloop.

By hierdie twee geleenthede het Kloof weereens gewys dat ons vir geen uitdagings terugstaan nie.

Uitslae van die A-bond-interhoër: Waterkloof behaal 'n algehele tweede plek met 2281,5 punte. Kloof spog met 'n allemintige 15 goue medaljes,19 silwer medaljes en 22 brons medaljes.

Uitslae van die NWU Super Interhoër: Waterkloof behaal 'n algehele tweede plek met 699 punte, slegs 34 punte agter Helpmekaar Kollege. Ons atlete het alle verwagtinge oortref met 20 goue medaljes, 17 silwer medaljes en 25 brons medaljes.

**KLOOF, ONS IS TROTS!**



Mnr. en Mej. Waterkloof - bl.3

- Fotograaf: Carla van Staden -



Liefdeskonsert - bl.6

- Fotograaf: Vivienne Pio -



Die Ferreira-broers - bl.11


- Foto verskaf -



A-bond Interhoër - bl.16

- Fotograaf: Juandré le Roux -

# Redakteursbrief




Vinniger as die wind het hierdie eeste kwartaal verby gejaag. Kloof, hierdie jaar kon ons vir die eerste keer werklik 'normaal' begin. Laas toe die lewe normaal was, was ek nog 'n Druppel wat vasgedruk word aan die voorkant van die saal. Nou is die wilde blou tornado weer terug, en met hom die gees wat jou sal wegwaai. In hierdie warrelwind van 'n skool is daar so baie om te beleef: die see van 500 nuwe Druppels, die week van die liefde, die epiese Interhoërbyeenkomste en 'n deurnagsokkie waar 'n mens alles kan wegsteek in die donker nagbriesie.

Hierdie kwartaal was soveel meer as net normaal. Ons is besig om nuwe paaie te stap - of dit nou is omdat hulle alles toespan vir aanbouings, of omdat ons gekies het dat hierdie jaar anders gaan wees. Op die eerste dag het ons saam besluit dat ons die Liefdesgenerasie gaan wees. Soos julle weet, kom dit nie altyd maklik nie; daar is verskeie dinge waarop ons nog kan verbeter. Tog, tree vir tree, vind ons die pad. Al wat ons moet doen, is aanhou stap.

## REDAKSIE

**Graad 12**
Juan de Wet
Arnold Dippenaar
Handro Myburg
Vivienne Pio
Lyné Steyn (Adjunkredakteur)
Anica Ueckermann
Lillian van Staden

**Graad 11**
Mia Appelcryn
Lize Erasmus (Adjunkredakteur)
Laureanne Geertsema
Nandi Gous (Redakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Jani Strydom
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

**Graad 10**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Miné Naudé
Krige Steyn
Dieter Stehle
Claudia van Wyk

**Graad 9**
Kayla Borstlap

**Onderwysers**
Retha Hofmeyr
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris
Maryke Fourie
Annuska Pretorius

**Uitleg**
Marlette Krüger

## WENNER!



*Baie geluk aan Cherie Cronje in gr.12 wat die gelukkige wenner van die kontantprys vir die woordspeletjie in die uitgawe 3/2022 is. Indien jy R500 kontant wil wen, blaai na bladsy 14 vir die volgende uitdaging!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*



*Redaksie 2023*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Laat jou stem tel

Krige Steyn

**Hoërskool Waterkloof pronk sedert 1979 met sy blou seunskoolkouse, maar in 2023 word grys skoolkouse aan die leerders voorgeskryf. Dink jy die seuns se nuwe grys skoolkouse is 'n verbetering of ontneem dit die leerders van iets wat eie aan die skool is?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Dit is nie 'n verbetering nie. Die grys kouse lyk goed sonder jou kleurbaadjie, maar die doel van die skool is om 'n eenheid te vorm deur ons kleurbaadjies saam te dra. Die grys kouse vorm beslis nie 'n eenheid met ons kleurbaadjies nie.*
**Heinrich Ebersohn (graad 10)**

- *Dit ontneem ons van iets wat eie aan die skool is en benadeel die voorkoms van Waterkloof-leerders. Hoërskool Waterkloof word aan sy blou hemde, gestreepte kleurbaadjies en blou seunskoolkouse wat by die dogters se rompies pas, geken. Die strepe van die nuwe grys kouse is ook nie dieselfde kleur as dié van die kleurbaadjies nie.*
**Meghan Polson (graad 10)**

- *Dit ontneem die Klofies van iets wat eie aan die skool is. Die blou kouse is 'n belangrike en mooi deel van ons skooldrag en kan van myle af as "Kloof-kouse" uitgeken word.*
**Christiaan Enslin (graad 10)**

- *Die grys skoolkouse is baie netjies, maar ek verkies die blou omdat dit uniek aan ons skool is.*
**Cara Kruger (graad 10)**

- *Dit is eie aan ons skool … en nou is dit weg! Die blou skoolkouse van die seuns is uniek; geen ander skool dra sulke kouse nie. Die blou kouse is ook baie netjies en staan uit. Ek dink nie die grys kouse pas by die energieke karakter van die skool nie en dit val die idee van "die blou skool" aan.*
**Elzaan Wessels (graad 10)**

# Laat jou stem tel

Nandi Gous

**Die brandende somerson, sweet wat spat en vernielde stembande – dit is waarna elke leerder by die jaarlikse atletiekinterhuis kan uitsien. Waar 'n mens gewoonlik met jou huiskleure spog – rooi, wit, geel of blou – het ons vanjaar 'n ander neiging waargeneem: almal dra wit. Ons het by die leerders gaan rondvra oor hoekom húlle dink almal nou 'n Torrie wil wees, en of die Tornado's se oorwinning onregverdig was:**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Ek dink almal wil 'n Tornado wees, want wit is net meer populêr en hulle wil net "in" wees. Ek glo hulle het onregverdig gewen, want die Siklone moet eintlik die meeste kinders hê. Baie het ook wit aangetrek, aangesien almal nie noodwendig 'n geel hemp het nie.*
**Lerato Kgatla (graad 12)**

- *Ek dink almal wil Tornado's wees, aangesien die Tornado's reeds die grootste span is, omdat so baie vanne met "V" begin. Almal wil Tornado's wees om die dag saam met hulle vriende deur te bring. Hulle het definitief onregverdig gewen. Die Siklone het heeldag gestaan en sing en net gesit wanneer daar 'n breuk was. Verskeie lede van die Orkane en die Tifone het gesê dat die Siklone eintlik moes wen.*
**Lize Erasmus (graad 11)**

- *Ek dink almal wil Tornado's wees, want hulle het meer geesliedjies wat by hulle naam pas. Die temas is ook altyd baie lekker en hulle kies beter temas. Ek dink hulle het onregverdig gewen, want so baie "Tornado's" (weet ons almal) was eintlik van die ander spanne.*
**Miki Groenewald (graad 10)**

- *Ek verstaan nie hoekom almal Tornado's wil wees nie. Ek glo wel hulle het onregverdig gewen omdat hulle so 'n groot hoeveelheid van die ander huise se leerders het. Met meer stemme sal hulle natuurlik wen.*
**Teoné Brittion (graad 9)**

- *Ek dink baie mense wil Tornado's wees, want ons het beter gees en almal wil deel van die wenspan wees. Volgens my het die Tornado's, te danke aan ons harde werk, regverdig gewen. Ons gees het die atlete baie gemotiveer.*
**Sebastian van den Berg (graad 8)**

# Laat jou stem tel

Kayla Strydom

**Die stoepe gons, die terrein brul, Kloof is aan die bou!**

**Kloof is in rep en roer oor al die leerders wat sy stoepe vol stap, maar ook oor die nuwe infrastruktuur wat op pad is. 'n Paar leerders het hul menings gelig oor hoe hulle oor die veranderinge by Kloof voel.**

**Hoe voel jy oor al die nuwe infrastruktuur wat by Hoërskool Waterkloof aangebring word?**

- *Ek voel dit is baie goed dat die skool vernuwe word en dat hulle die nuwe geboue oprig, veral as dit die kultuur bevoordeel. Die kultuur word nie altyd in Waterkloof raakgesien nie.*
**Mila Gous (graad 8)**

- *Ek dink dit is goed, want ons skool word groter, maar ek voel die skool moet aan ander probleme ook aandag gee. Die middelgang kan dalk verbreed word en ek sal daarvan hou om 'n tartanbaan te hê.*
**Colbi Pienaar (graad 9)**

- *Ek hou daarvan. Geen ander skool lyk so nie. Dit is uniek. Dit wys dat die skool vir ons omgee. Hulle probeer om dit 'n lekker plek vir ons te maak.*
**Kyla Uys (graad 10)**

- *Ek voel hulle begin nuwe projekte sonder om die ou projekte klaar te maak. Hulle belowe vir ons goed en dan begin hulle met ander goed, sonder om die ou beloftes na te kom. Hulle sê eerste hulle gaan 'n kafeteria bou, maar dan begin hulle met al die ander projekte soos die amfiteater, in plaas daarvan om die projekte wat hulle vir ons belowe het, klaar te maak. Die nuwe saal het hulle ook vir ons belowe en ek sal nie eens hier wees as dit klaar is nie.*
**Tertius van Staden (graad 11)**

- *Ek voel die skool se prioriteite is nie reg nie, alhoewel hulle al die lekker dinge vir ons doen. Hulle maak die skool mooi met die amfiteater, maar die skool se huidige infrastruktuur – soos die badkamers wat nie slotte het nie, die gate in die stoepe en die dakke wat lek – het aandag nodig. Hulle doen so baie, maar hulle prioritiseer nie die belangrike goed nie.*
**Katie-Lee Venter (graad 12)**

Hoërskool Waterkloof

# Mnr. en Mej. Waterkloof – Twee is beter as een en drie is nóg beter

**Mia Appelcryn en Casey Robertson**

*A heart without dreams is like a night without stars.* Die hartklop van dié jaar se Mnr. en Mej. Waterkloof, was beslis die grootoog-dromers op die verhoog. Hulle het na die sterre gereik, want geen droom is ooit te groot nie – nie eers die droom van meer as een Mnr. Waterkloof nie.

Die spoggeleentheid, wat op die aand van 3 Maart 2023 gerealiseer het, sou nie moontlik wees sonder die insette van juf. Jean-Mari Redelinghuys en haar span nie, tesame met die hardwerkende finaliste en vele borge wat die aand 'n sukses gemaak het. Gesogte beoordelaars soos die sportsterre: Evan Jones en Werner Swanepoel, TV- en mediapersoonlikhede: Arno Marx, Sarina Bosman, Angelique Gerber en selfs 'n oud-Mej. Waterkloof, Mariska Harmse, het verseker dat die titel van Mnr. Waterkloof vir die eerste keer in die geskiedenis gedeel word.

Die dogters is deur die modeontwerper en beoordelaar, Johan Botha, in glansuitrustings geklee en die seuns se pakke is deur Annemari Schutte van *Smart Guy* en *Smart Bride* ontwerp. Droomsindroom, gaskunstenaars en aanbieders, het die gehoor met hulle sang, geskerts en pittigheid vermaak. Hulle het goed by die tema – DROOM 'IT! – ingepas.

Die choreografie, deur me. Michelle Naudé en die Hoërskool Waterkloof Dansakademie, was volgens ons skoolhoof, mnr. Denysschen, beter as ooit vantevore. Die kreatiwiteitsafdeling het 'n wye verskeidenheid talente vertoon, wat vanaf 'n ligskou, hewige danspassies, elektriese kitare tot lewendige kuns gestrek het. Dit was voorwaar 'n onvergeetlike aand.

**Wenners:**

**Mnr. Waterkloof:** Damian van Niekerk en Daniël Lategan

**Mej. Waterkloof:** Chanté Venter

**Eerste prinses:** Kayla Landsberg

**Tweede prins:** Sjaan Steyn

**Tweede prinses:** Wilmarie Nolte

**Mnr. Fotogenies:** Troy Long

**Mej. Fotogenies:** Jané Grové

**Mnr. Persoonlikheid:** Tiaan Petersen

**Beste kreatiewe item:** *Wild Youth* deur Jané Grové en Heinecké Grobbelaar

"Onthou, 'n droom word in jou hart geplant met 'n rede. So… DROOM 'IT!" – Wilmarie Nolte




*Daniël Lategan, Chanté Venter en Damian van Niekerk*
*- Fotograaf: Carla van Staden -*

# Reandi Grey - trotse oud-Klofie tot aan die einde van haar dae

**Casey Robertson**

Reandi Grey is 'n alombekende Suid-Afrikaanse aktrise, wat bekendheid verwerf het vir haar rol in 7de Laan en tans die rol van Anja speel in die nuwe kykNET tv-reeks - Diepe Waters. Nie net is sy 'n aktrise nie, maar sy het ook by die Universiteit van Potchefstroom grafiese ontwerp, gaan studeer en het 'n honneursgraad ontvang in ontwikkelingskommunikasie asook 'n diploma in mode ontwerp. Sy besit tans haar eie klerereeks *GreyC*, wat sy self ontwerp.

**Hoe sal jy jouself in een woord beskryf?**
'n 'Lifeaholic' want ek is werklik een. Ek is mal oor mense, nuwe dinge doen en leer, asook nuwe dinge beleef en ervaar. 'n Mens se 'bakkie' van ervaringe is nooit vol nie. Hoe meer jy kan doen, hoe ryker is jy as mens. Ek raak baie gou opgewonde oor baie klein dinge en put maklik vreugde daaruit. Die kleinste dinge laat my die hardste lag.

**Wat is jou lewensmotto?**
Behou die goeie en los die slegte, jy het nie alels nodig nie. Vat net wat jy nodig het en maak die beste daarvan.

**Wat weet baie min mense van jou as persoon?**
Baie mense dink dat ek 'n ekstrovert is. Ek is eintlik 'n introvert, maar met baie energie. So lief as wat ek vir mense is, so maklik maak te veel mense my moeg. My koppie word nie sommer gevul deur mense nie.

**Watter raad sou jy gee aan toekomstige akteurs en aktrises?**
Ek dink 'n mens kan 'n boek skryf oor raad vir akteurs, maar 'n agent is die eerste stap. Agente help om vir jou deure oop te maak na die toneelbedryf deur oudisies te boek en kontrakte op te stel.

**Wat is jou gunstelling stokperdjies?**
Ek is versikriklik lief vir oefen! Sonder oefening voel ek baie sleg en het ek baie min energie. Ek hou ook baie daarvan om kreatief te wees en take op skool was my gunsteling om te voltooi.

**Watter impak het jou gesin op jou lewe?**
My man, Dewald Grey, my dogtertjies Lente en Heidi asook my *Golden Retrievers*, Benji en Nina, bring soveel vreugde, kwaliteit en waarheid in my lewe. Ek kan nie my lewe sonder hulle indink nie.

**Het jy enige geheime talente?**
Ek maak 'amazing' koffie, want ek is verslaaf aan koffie.

**Jy word gekenmerk aan jou goue lokke en jou dogtertjie, Heidi, pronk self met haar eie krulledos . Hoe leer jy haar om haar krulle lief te hê?**
Die geheim is om dit te onderhou deur dit gereeld uit te kam voordat haar hare *dreadlocks* vorm. Heidi wil haar doodlag as ek sê daar is 'n koek in haar hare en dan wil sy net die koek opeet.

**Wie was jou gunstelling onderwysers by Hoërskool Waterkloof?**
Juffrou Retha Kearns asook Juffrou Coralie Mostert, wat albei vir my drama gegee het. Juffrou Mostert is wel oorlede maar haar inspirasie, liefde en geloof wat sy in my gehad het, dat ek 'n aktrise sal word, sal ek absoluut nooit vergeet nie.



*Reandi Grey*
*- Foto verskaf -*

# SPOTPRENT

**Kunstenaar: Suné van der Merwe**




# Het jy gehoor?

**Nandi Gous**

As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees oor wat jy alles in Kloof se klasse en gange hoor.

"Die Druppels is soos hase; daar is een en dan is daar ewe skielik 40."

"Nee, julle sal nie 'n af-periode kry nie; hierdie is nie Af-fies nie!"

Mnr. Mol: "Van kleins af wou ek nog altyd met diere werk. Toe word ek 'n onderwyser."

"Daardie Wiskundetoets van gister was 'n skending van my menseregte."

"Die juffrou is soos 'n bus sonder remme... sy gaan net aan."

(Seun op sy foon) Juffrou: "Hoekom staar jy na jou skoot?" Seun: "...my bene is baie mooi."

"Wanneer ek na jou kyk, verstaan ek al hoe meer die DOM in mensdom."

"Ek dink ons moet 'n *Outsurance*-mannetjie vir die middelgang kry."

"Ek is nie oor-dramaties nie. Ek is presies die regte hoeveelheid dramaties."

"Ek sal jou met 'n kompas moet gooi, dalk sal jy dan rigting kry."

Mnr. Nagel: "Ons gaan nou met voortplantingstrategieë begin. Dis gepas vir Valentynsdag."

"My geluk is direk aan die lengte van die periodes gekoppel."

"Hoe voel dit om in die Top 10 te wees?" "Dit voel 'n bietjie soos *Survivor* - jy weet nooit wie jou volgende gaan uitskop nie."

## Ons groet:
# Ons groet juffrou Nadine

**Jani Strydom**

Hierdie is 'n juffrou wat nie bang is om haar skoene vol te staan nie en wat 'n liefde vir Geskiedenis by leerders gekweek het. Juffrou Nadine gaan 'n leemte laat wat baie moeilik gevul sal word.


*Juf. Nadine du Toit*
- Miracles Photography -

**Wat is Juffrou se gunstelingtradisie by Waterkloof?**
Die skool se verjaarsdag.

**Wat het die tyd by Waterkloof vir Juffrou geleer?**
Jy is meer werd as wat jy dink. Luister as mense vir jou 'n kompliment gee.

**Met watter geskiedenisfiguur identifiseer Juffrou die meeste?**
Ek hoor altyd dat ek 'n regte Mussolini is, maar ek sal myself eerder met Winston Churchill vereenselwig.

**Watter onderwyser mis Juffrou die meeste?**
Juffrou Vicki van der Walt, want ons kon lang stories praat en hard lag oor goed wat leerders aangevang het.

**Wat is Juffrou se laaste boodskap aan Kloof?**
"*If we had more time for discussion we should probably have made a great many more mistakes.*"
– Leon Trotsky

# Totsiens meneer Dewald Maré

**Michaela Smith**

Kloof sê totsiens aan 'n besondere onderwyser wat diep spore in ons skool getrap het. Mnr. Maré, een van Hoërskool Waterkloof se knap Wetenskaponnies, het ongelukkig sy vlerke gesprei en Kaap toe gevlieg. Hy sal beslis gemis word, maar Kloof wens hom net die beste toe vir al die avonture wat vir hom voorlê.


*Mnr. Dewald Maré*
- Miracles Photography -

**Wat is Meneer se vooruitsigte in die Kaap?**
Ek het gevoel God stuur my Kaap toe om iets te doen waarmee Hy my vertrou. Ek geniet elke oomblik van my avontuur hier, maar ek weet dat my werk hier belangrik is en ek bly op my roeping gefokus.

**Drie woorde om Meneer te beskryf?**
Passievol, lief (vir) lewe.

**Het Meneer 'n boodskap vir 2023 se graad 11-groep?**
Ek mis julle baie! Julle is absoluut 'n leeu van 'n graad! Onthou dat, om Jesus eerste te stel, die beste besluit van jou lewe sal wees.

**Wat is die mooiste herinnering van Kloof wat Meneer koester?**
Daar is so baie herinneringe, maar great onnies, wat vriende geword het, en wonderlike leerders is die goud wat ek altyd in my herinneringe sal koester.

# Meneer Albert Alexander: totsiens Kloof, hallo Australië

**Mia Appelcryn**

Met 'n seer hart groet Hoërskool Waterkloof vir mnr. Albert Alexander. 'n Fantastiese Engelsonderwyser en oud-Klofie, wat al vir die tweede keer sy hoërskoolloopbaan by Kloof voltooi het, na vyf jaar op skool en vyf jaar as 'n onnie. Hy het nie net diep spore in die klaskamer getrap nie, maar ook op die rugby- en atletiekveld, by die tafeltennis, die orators, die VLR en ook in elke Klofie se hart.


*Mnr. Albert Alexander*
- Miracles Photography -

**Wat sal Meneer die meeste van Kloof mis?**
Alles behalwe terreindiens. Ek het Kloof so lief en ek verlang elke dag. Ek mis my kollegas en my leerders baie. Dis moeilik om te weet ek ry nie elke dag na Kloof toe nie. Die groepie wat ek die meeste mis, is my sprinkane.

**Watter herinnering van Kloof sal Meneer altyd laat glimlag?**
Dit sal seker die derde wedstryd wees, wat ons eerste span in my matriekjaar teen Affies gespeel het, nadat hulle die vorige twee wedstryde gewen het. Ook elke liewe mannekamp, met of sonder beserings. Daar is so baie by Kloof om oor te glimlag.

**Hoekom het Meneer Australië as Meneer se nuwe tuiste gekies?**
My vrou se suster het saam met haar man Australië toe getrek en hulle het hulself in 'n dorpie met die naam Griffith gevestig. Ons wou graag naby aan familie wees en toe het die Here ons so geseën dat ek werk gekry het. Die kersie op die koek was toe ons begin om verblyf te soek, was die huis langs hulle beskikbaar en nou is ons bure.

**Watter nuwe ervarings wil Meneer graag beleef?**
Ek wil graag deur die land toer en al die prag waarneem. Ek wil gaan diepseevisvang op die *Barrier Reef*. Ek wil ook 'n paar groot spinnekoppe in die *Outback* vang en vir mnr. FJ pos.

Sal Meneer steeds ons Springbok-manne in groen en goud bly ondersteun, of mag dit dalk verander?

Ek het my Springbok-truie saamgebring en ek sal dit beslis dra wanneer daar wedstryde gespeel word.

**Is onderwys steeds in die prentjie, of gaan Meneer iets nuuts trotseer?**
Ek sal vir nog vyf jaar skoolhou en as dit steeds my passie bly, sal ek aanhou. Indien nie, sal ek graag in die wynbedryf betrokke wil raak. Hier is baie wynplase in die area waar ons bly. Die kwaliteit is ongelukkig nie dieselfde as die Boland s'n nie. Suid-Afrika se wyn bly nou maar net die beste.

## Onnies se babas:
# Juffrou Anell word vir die tweede keer mamma

**Laureanne Geertsema**

Juffrou Anell van der Walt, Waterkloof se trotse Biologie- en Klofieraad-mamma, is vir die tweede keer met 'n kosbare babatjie geseën! Klein Dawid van der Walt is die nuutste toevoeging tot 'n hele string toekomstige Klofies wat gebore is. Oor hierdie oulike knapie kan 'n mens nie uitgepraat raak nie.


*Juf. Anell en Dawid*
- Foto verskaf -

**Is daar 'n spesiale betekenis agter klein Dawid se naam?**
Beslis! Dis soos die Bybelse Dawid, wat beteken man van God. Die Here het vir ons gesê dat dit sy naam sal wees.

**Hoe goed kom Juffrou se dogtertjie met haar nuwe boetie oor die weg?**
Sy is vreeslik lief vir hom! Sy wil hom net die hele tyd optel en soentjies gee! Sy wil ook aanhoudend met hom speel en vir hom liedjies sing.

**Dit is nog baie vroeg om Dawid se talente en gawes raak te sien, maar hoe voorspel Juffrou gaan sy toekoms lyk?**
Sy toekoms gaan lyk soos wat die Here se wens en doel vir hom is. Ons sal ons bes doen om hom groot te maak dat hy volgens die Here se wil lewe.

**Dawid is 'n makliker baba as sy sussie. Hoekom sê Juffrou so?**
Daar is nie eers enige twyfel nie! Dawid slaap deur die nag, hy huil net as hy honger is en is oor die algemeen net rustiger. Sy sussie was as baba elke twee uur wakker…

**Wat van Dawid se persoonlikheid of gelaatstrekke is die opvallendste?**
Sy pragtige donkerbruin bokkie-oë! Alhoewel hy definitief van sy pa se gelaatstrekke geërf het, lyk sy ogies baie soos my eie oë.

**As Juffrou 'n Bybelvers vir Dawid moet kies, wat sal dit wees?**
Dit sal Psalm 1 vers 3 wees. Die vers hou verband met hoe ons sy naam gekry het en ook met sy naam self.

# Juffrou Salome Marran oor ma-wees

**Kayla Borstlap**

Om 'n ma te wees, is die edelste beroep wat enige vrou kan volg, want jy gee jouself, jou álles om 'n kind joune te noem.


*Juf. Marran en Lizemé*
- Foto verskaf -

**Wat geniet Juffrou die meeste van ma-wees?**
Die vroegoggend geselsies, soentjies en drukkies. En die "Kyk, Mamma!" wat jou hart laat smelt.

**Wat is die nuweling se naam?**
Elizabeth Maria, maar haar noemnaam is Lizemé.
Die ooreenkomste tussen die twee doopname dui albei op vrolik, gelukkig en vriendelik.

**Hoe het Juffrou op die naam besluit?**
Haar doopname is familiename van beide my ma en my ouma. Lizemé, beteken 'n bondel vreugde.

**Wat sal Juffrou, Juffrou se kinders leer om nooit in 'n klas te doen nie?**
Om nie op hulle negende rugwerwel te lê of te sit nie.

**Hoe handhaaf Juffrou 'n gesonde balans tussen ma-, vrou- en juffrou-wees?**
As ek dit eendag bemeester, deel ek graag die lewenswysheid met die Klofies. Ek kon dit egter nog nie regkry nie!

**Wat is Juffrou se mooiste herinnering van Ma-wees?**
Die blote voorreg om 'n mamma te kan wees en om "Mamma" genoem te word.


**As Juffrou, ma-wees in drie woorde moet opsom?**
Die grootste seën.

**As Juffrou, Juffrou se baba in een woord moet opsom?**
Dis onmoontlik! Een woord is te min. Sy is die mooiste, oulikste, liefdevolste, beste mensie in die wêreld.

# Juffrou Louri trou

**Nandi Gous**

Gray was juffrou Louri se troue beslis nie. Op 3 Desember 2022 het juffrou Louri met Xillon Fick in die lieflike Suid-Afrika somerson getrou. Alhoewel dit nie haar droom Harry Potter-troue kon wees nie, het die dag steeds in 'n regte kasteel by *Riverside Castle* plaasgevind.


*Juf. Louri en Xillon*
- Foto verskaf -

**Hoe het hy die groot vraag gevra?**
Sy plan was aanvanklik om my onder die water, terwyl ons duik, te vra. Ek het gesê hy moet nie belaglik wees nie; die ring sal wegraak.
Hoe voel Juffrou oor Juffrou se van wat verander het?
Wel, ek dink die kinders gaan dit makliker onthou, want dit klink soos … ja.

**Wat waardeer Juffrou die meeste van Xillon?**
Hy bring elke oggend om 4:45 vir my koffie in die bed en hy gaan laai my elke dag by die werk af.

**Waar was julle wittebrood?**
Ons het groot planne om moontlik Oktober Engeland toe te gaan.

**Wat sou mnr. Fick sê, is sy grootste frustrasie ten opsigte van Juffrou?**
Ek vergeet my klassleutel by die huis, dan moet hy eers vir 20 minute in die verkeer ry, dit kry en dan vir my bring. Dit het al seker vier keer gebeur vandat ons getroud is, en hy het nog nie vir 'n egskeiding gevra nie.

**Hoe is dit anders om getroud te wees?**
Behalwe vir die verblyf wat verander het, eintlik niks nie. 'n Mens is ewe lief vir mekaar en 'n mens raak ewe vies vir mekaar, as vantevore. Almal wil net romantiese dinge hoor, maar die werklikheid is dat as iets stukkend is voor die troue, moet jy dit voor die tyd regmaak. Jy kan nie hoop dat dit verander na jy getrou het nie. Onthou, dit is nooit te laat om 'n troue af te stel nie.

# 'n Klofie wat inspireer

**Je-Miné de la Rey**

Gustav Mertz, 'n Klofie in gr. 10, is 'n leerder met 'n buitengewone voorkoms en 'n paar meer uitdagings as die normale Klofie.

"Gewone dinge wat vanselfsprekend vir ander is, is 'n uitdaging vir my soos om 'n spyskaart te lees." Gustav word a.g.v. sy glasoog daagliks deur normale takies uitgedaag, maar hy laat nie toe dat dit sy vreugde of sy sin vir humor steel nie. 'n Paar jaar gelede het sy glasoog vir baie pret gesorg! Tydens 'n vakansie saam met sy vriende, is hulle deur 'n paar jong snuiters met stokke bestook. Die oomblik toe Gustav sy glasoog uithaal, het die kwajongens hulle doodgeskrik en die hasepad gekies!

Gustav is 'n leerder met groot drome en briljante werksetiek. Hy het 'n passie vir die natuur en diere en sy glasoog het hom geïnspireer om eendag in diereprosteses te wil spesialiseer. Of dit nou olifante of hamsters is … dit maak nie saak nie! Gustav sê: "Daar is slegs een persoon in die wêreld wat hierdie werk doen en hy is 'n groot inspirasie." Sy liefde vir diere het beslis nie oornag ontwikkel nie; diere en hulle veiligheid was reeds van kleintyd af 'n groot prioriteit vir Gustav. Hy en sy familie het in Mauritius gebly waartydens hulle rondloperkatte en -honde na *PAWS* ('n organisasie wie se missie dit is om die eiland te red) geneem het en daarna het Gustav sy eie diere begin aanhou. Enige diertjie is welkom - selfs rotte en spinnekoppe!

Gustav sal beslis nog baie hoër hoogtes bereik en Kloof hou sy toekoms met groot verwagting dop!



*Gustav Mertz*
*- Foto: verskaf -*

# Cute Couple

**Vivienne Pio**

Carla het in graad 8 vir Dale gesê: "Ek wil in matriek die *cute couple* in die Klofiekan wees." Na vier jaar en drie maande het Carla se droom uiteindelik waar geword. Hulle is nie meer so klein nie, maar hulle is definitief nog steeds cute!

**Julle was vir 'n ruk nie saam nie, hoe het dit julle, as paartjie, sterker gemaak?**

**Dale:** Ek was laasjaar baie besig met die Klofieraad en ek het nie vir Carla geprioritiseer nie. Ons het toe vir drie maande opgebreek. Ek dink dit het ons nader aan mekaar gebring, want ons het besef dat ons mekaar moet prioritiseer en waardeer.

**Waar het julle ontmoet?**

**Carla:** In graad 8 in juffrou Louri se klas. Hy was stout en toe het Juffrou hom langs my gesit. Van daar af het ons begin gesels (so baie dat Juffrou my al uit die klas uitgejaag het.)

**Wat is julle planne vir volgende jaar?**

Ons wil graag by dieselfde universiteit gaan studeer sodat ons bymekaar kan wees.



*Dale & Carla*
*- Foto verskaf -*

**Wat het julle in gemeen?**

Ons het 'n liefde vir oefen, maar ons humor is ook baie dieselfde, ons laat mekaar lag.

**Vertel vir my 'n snaakse storie oor julle verhouding.**

**Carla:** Toe ons net begin uitgaan het, het ons *The Joker* gaan kyk. Ons al twee het gedink dat ons vir die eerste keer gaan soen. Ewe skielik hoor ons: "Hallo, Carla." Dit was my atletiekafrigter wat direk agter ons gesit het...

**Wanneer het jy besef dat jy van hom/haar hou?**

**Carla:** Ek het eerste van hom, by die Smulfees in graad 8, begin hou.

**Dale:** …maar ek het harder geval.

**Wat is iets van hom/haar wat jy nooit sal verander nie?**

**Carla:** Sy humorsin, as hy nie so 'n idioot in Engels was nie, sou ons nie saam gewees het nie.

**Dale:** Haar hare (ek hou van blondines) en haar passie vir sport.

## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# Edan de Beast

**Krige Steyn**

Die skare brul langs die rugbyveld terwyl die opponente bewe terwyl hy aangestap kom. Hý is die passievolste rugbyspeler op die veld. Wanneer hy nie speel nie, is hy die middelpunt van aandag en dra hy Hoërskool Waterkloof se gees op sy skouers… hy is Edan de Bruin!

**Watter liedjie beskryf jou die beste?**

Toes deur Zac Brown Band.

**Indien 'n biografie oor jou geskryf word, wat sal die titel wees?**

Smile and wave.

**Wat was jou mees traumatiese ervaring in Hoërskool Waterkloof?**

Dit was die o. 14-Wildeklawer-toer. Een van ons seniors het my opgetel en teen die dak van 'n hysbak vasgedruk, terwyl die res van die seniors op my geskree het.

**As jy jou graad 8-self enige raad kan gee, wat sal dit wees?**

Neem meer deel en maak die beste van elke situasie.

**As hoofdirigent van die skool, dink jy dirigente het 'n invloed op die prestasie van die sportsterre?**

Ek glo so. Ek dink dit is lekker vir die atlete en deelnemers om te hoor hoe die skool hulle name uitskree en mal gaan wanneer hulle gooi, spring of hardloop.

**Stem jy saam dat dit nie saakmaak wat 'n mens sing nie, maar hoe 'n mens dit sing?**

Om eerlik te wees, ja, ek stem saam. Daar is wel 'n tyd en 'n plek vir alles.

**Enige Waterkloof-rugbyondersteuner sal saamstem dat jy maklik opgewerk tydens 'n wedstryd raak. Wat werk jou só op?**

Ag, ek sal nie sê ek raak opgewerk nie, maar eerder baie opgewonde. Ek dink wat my so opgewonde maak, is wanneer 'n ander speler te veel praat en heeltyd kla. Dit is so onnodig, speel net die *game*!

**Jy is die gesig vir die bemarking van die Valentynsbal. Vanjaar se tema is *Beauty and the Beast*. Sal jy sê jy is *Beauty of Beast*?**

Ek sal sê *Beast*, want hy kom kwaai voor, maar ek dink hy het 'n sagte hart. Ek dink nie ek het al ooit na die film gekyk nie, maar ek sal sê *Beast* omdat ek glo hy 'n sagte hart het.



*Edan*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

## ONNIE-PERSOONLIKHEID

# Mnr. Gerhard Strydom

**Marni Botha**

Wiskunde-onderwyser van formaat, 'n gholfliefhebber of beter bekend as die "rooster-verandering-meneer", mnr. Gerhard Strydom. Ons het by hom gaan aanklop om hom beter te leer ken.

**Hoekom wou Meneer 'n onderwyser word?**

Ek het besef dat ek nie 'n professionele gholfspeler sal word nie – ek sou honger ly!

Hoekom juis Wiskunde?

Ek is te lui om iets anders as Wiskunde te doen…

**Hoe verskil skoolkinders van vandag, van toe Meneer op skool was?**

Kinders is baie meer spontaan as in my dae.

**Het daar al iets snaaks in Meneer se klas gebeur?**

Daar gebeur nooit iets snaaks in my Wiskundeklasse nie; ek is te ernstig.

**Wat is Meneer se gunstelingtradisie by Waterkloof?**

Ek kan nie aan een dink nie, maar ek is gek oor die Klofies.

**Wat was Meneer se gunstelingvak op skool?**

Geografie en Biologie: die wêreld met al die verskillende kulture en stelsels is interessant; ek hou ook baie van die natuur… en ook van Wiskunde!



*Mnr. Gerhard Strydom*
*- Foto: verskaf -*

**Wat is Meneer se lewensleuse?**

Ek het nie regtig 'n lewensleuse nie, maar… *May the Force be with you*, van Obi-Wan Kenobi (Jedi Meester) klink vir my nog altyd goed.

**Wat is vir Meneer erger as kinders wat nie hulle Wiskundehuiswerk doen nie?**

As daar 'n week is waarin ek nie kan gholf speel of oefen nie.

# Graad 8's 2023 - meer as net 'n Druppel in die emmer

**Handro Myburg en Arnold Dippenaar**

'n Nuwe jaar, 'n nuwe Druppel. Hierdie jaar sommer 503 nuwe Druppels! 503 bang gesiggies, nou in die "groot skool". Hier by Kloof is daar egter nie tyd om bang te wees nie, en die Druppels is vanaf die eerste dag aan die diep kant ingegooi, alhoewel hulle swemgala eers later sou kom.

Die 2023-Druppelgroep het op Vrydag 13 Januarie op hulle Druppelkamp na Camp Discovery vertrek. Die kamp het net een aand geduur, maar het vir 'n paar Druppels soos 'n leeftyd gevoel. Spanbouaktiwiteite saam met die Admirale en kampfasiliteerders het die groep stadig maar seker laat besef dat 'n enkele Druppel niks is nie, maar dat 'n stroom Druppels berge kan verskuif. Die Druppels het saamgetrek en die fondasies vir 'n sterk graadgroep, met nuutgevonde geesdrif, gelê. Hulle het na aandete 'n sokkie en 'n nagmars gehad. Anders as vorige jare, was die Druppels nie vriendelik verplig om hulle peuselhappies aan die Admirale "te skenk" nie. Hulle kon in vrede 'n middernagfees saam met die Admirale hou. Hulle het ontdek dat die Admirale nie werklik sulke suurknolle is nie.

Dale Arlow, Hoofadmiraal Dale, vir die Druppels wat lees, het gesê: "Die moeilikste Druppels is die Druppels waarmee ek die lekkerste gewerk het." Ualize, Dale se mede-Hoofadmiraal sê: "Ek sal nooit die lekker lag, min slaap en die Druppels wat my beenhare geskeer het, vergeet nie." Hulle sal ook onthou hoe die Admirale strafoefeninge moes doen omdat hulle die Druppels sonder toestemming laat sing het. Die Druppels het Saterdagmiddag weer by die skool aangekom, met net genoeg tyd om te rus voor 'n besige week van voorbereiding vir die Druppelkonsert.

Hierdie jaar het die Druppels Kloof met die grootste Druppelkonsert in die skool se geskiedenis vermaak. Met vyf vertonings oor drie aande het die Druppelsirkus die gehoor saam laat lag, huil en dans.

Die Druppelkonsert merk die einde van die Druppels se bekendstellingsfase. Nou is dit tyd vir die graad 8-groep van 2023 om, nes die hoofkarakter in hulle konsert, hulle plek in die Klofie-oseaan te vind.




*Druppel konsert*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*


# Liefdeskonsert 2023

**Anja Maranta**

Alice het eens gesê: "*Why, sometimes I've believed as many as six impossible things before breakfast.*" Tog het die Klofies op 14 Februarie véértien impossibly goeie optredes by die Liefdeskonsert beleef. In die week van neerslae en donderwolke het die Liefdeskonsert in Waterkloof se saal plaasgevind. Met groot opgewondenheid het die Klofies die saal betree en dit het amper gevoel asof jy in die rabbit hole (soos wat ons gasheer, Handro Myburg, sou sê) geval het. Die versierings was gepas en kreatief en dit het gevoel asof jy werklik in *Wonderland* is.

Met die *Mad Hatter* se flou grappies en die Klofies se talent, is daar gou 'n gesellige atmosfeer geskep. Van enkele solosangers soos Anja Oosthuizen en Aiden Thompson, tot groot groepe, soos die skool se eie A capella-koor, het stemme die saal met liedjies in Afrikaans, Engels en selfs Frans, gevul. Die gehoor het hulle bewondering met die nodige applous te kenne gegee toe Juli Joubert haarself in twee vou. Gelukkig het die romantiese stemme van Kayla Landsberg, Anri Jordaan en Suné Barnard die gehoor weer laat ontspan.

Die gehoor se entoesiasme was aansteeklik en almal het heerlik saam met die deelnemers gesing. Eskom het ook saamgespeel en die ligte het nie een keer gedurende die konsert uitgedoof nie. Die aand het op 'n hoogtepunt geëindig met *Purely Deal*, en met liefde en musiek in die lug het nog 'n suksesvolle Liefdeskonsert tot 'n einde gekom.





*Liefdeskonsert*
*- Fotograwe: Vivienne Pio, Matthys Greeff en Janneke Vahrmeijer -*





**Feel safe with AA South Africa**
**Emergency response** for only **R35 P/M**
**Get up to 3 under 18 dependents FOR FREE**

SCAN the QR code to download the app & subscribe




REM-i
EMERGENCY BUTTON

PURCHASE SAFETY IN THE PALM OF YOUR HAND TODAY:

No smartphone required
220+ service providers across SA
Fall detection
Live tracking



**Call 0861 000 234**
SCAN the QR code to download the app & subscribe

# Mag die beste redenaar wen

Marni Botha

Soos die skrywer, Dirish, sê: *"Public speaking is the art of giving power to words – to influence, inspire and transform lives!"* Redenaars bied leerders die geleentheid om hulle horisonne te verbreed en ander van hulle standpunt te oortuig.

Die Engelse Oratorsfees was soos gewoonlik 'n reusesukses. Daar is vanjaar weer behoorlik by Hoërskool Waterkloof se Interne Oratorskompetisie geredeneer. Met onderwerpe soos: *Change, Power* en *Mountain* in die junior fase en *Influence*, *Manipulation* en *Bridge* vir die seniors, het die tonge behoorlik geklap. In die senior fase is die volgende leerders as wenners aangekondig: Kyla Roos (gr. 10), Arnoliez Bothma (gr. 11) en Wilmarie Nolte (gr. 12).

Dit is reeds indrukwekkend as iemand aan redenaars deelneem, maar om dit boonop dan nog in Engels te doen, is luisterryk! Die Klofies is baie bevoorreg om in 'n skool te kan wees waar ons aan geleenthede soos redenaarskompetisies kan deelneem. Ons sien daarna uit om volgende jaar weer na briljante redenaars te luister!



*English Orators Junior Winner Gr8-9*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*



*English Orators Junior Winner Gr10-12*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# TVresensie

Lize Erasmus

## *That '90s show*


*Hallo Wisconsin!* Tussen tiener-wees in die 70's en tiener-wees in die 90's, is daar geen verskil nie, behalwe dat disco met *rock and roll* vervang word!

Die vyftienjarige Leia Forman (Callie Haverda), bring die vakansie by haar oupa, Red, en ouma, Kitty deur, in die huis waar haar pa, Eric, en sy alombekende vriendegroepie kykers laat skaterlag het in die ikoniese *That '70s show.* Dit is nou Leia se beurt om die opwinding, teleurstelling, vreugde en hartseer van tienerjare te ervaar. Haar nuwe vriende, Gwen, Nate, Nikki, Ozzie en Jay, daag haar uit om nuwe dinge te probeer, help haar om selfvertroue te bou en doen hulle bes om te verseker dat hierdie vakansie vir haar een sal wees wat sy nóóit sal vergeet nie.

Die geliefkoosde karakters van *That '70s Show* maak weer hulle verskyning in 'n reeks vol skreeusnaakse gebeurtenisse wat nostalgiese herinneringe oproep soos die nuwe karakters, nes hulle ouers, hulle voete as jong volwassenes probeer vind.

Ongelukkig is die spel van al die akteurs nie deurgaans oortuigend nie. Hulle spel is by tye oordrewe, veral wanneer hulle snaaks probeer wees, en as jy nie 'n aanhanger van tienertaal is nie, mag die taalgebruik jou effens irriteer.

Net soos wat 'n mens se tienerjare deurmekaar en ver van perfek af is, is hierdie reeks deurmekaar en ver van perfek af. Dit is definitief nie een van my gunstelingreekse nie. Kykers wat egter net wil ontspan en lekker lag, sal dit tog geniet. Ek sou dit 'n billike 5/10 gee.




# Voorsitter, Dames en Here, laat die tonge klap

Marni Botha

Soos Kurt Darren in sy enkelsnit "Laat die dansvloer brand" sing, sê Kloof: "Laat die tonge klap, die argumente vlieg en die beste redenaar wen!" Of jy nou met jou vriendin moet argumenteer oor watter ou mooier is of jou pa moet oortuig (met geldige redes) hoekom jy na daardie partytjie wil gaan, is redenaars jou sleutel tot bemagtiging! Redenaars is 'n uitlaatklep vir vele om hulle opinies en menings oor sekere onderwerpe te lug.

Daar is altyd hope pret by die uitdunne aan die begin van die jaar. Die seniors se temas was: Inklusief, Bemagtig en Ideologie en die juniors s'n: Kruispad, Angel en Hutsmerk.

Hieruit het 'n paar indrukwekkende en koddige temas ontstaan soos "Ideologie of identiteitspolitiek?" en "Bemagtig? My magtig doen dit self!".

Die wenners van die Afrikaanse afdeling was Je-Miné de la Rey (gr. 10), Laureanne Geertsema (gr. 11) en Wilmarie Nolte (gr. 12).

Redenaars is 'n wonderlike vaardigheid of 'n mens dit nou in Engels, Frans of Afrikaans doen! Dit is 'n vaardigheid wat jou bemagtig om jou sê te sê en op te staan vir dit waarin jy as individu glo! Hopelik sien ons volgende jaar nog meer Klofies wat hierdie geleentheid met albei hande sal aangryp.



*Afrikaans Redenaars Wenners Gr 8-9*
*- Fotograaf: Annuska Pretorius -*



*Afrikaans Redenaars Wenners Gr 10-12*
*- Fotograaf: Annuska Pretorius -*

## Kloof se eie Spotify *playlist*

Anja Maranta

Die Klofiekan stel ons eie Klofie-*playlist* op Spotify bekend. Met ons ore op die grond, het ons sommiges van julle gevra vir jul gunstelingmusiek. En hier is dit nou. Drie ure van die Klofies se hart en siel. Geniet dit!

Spotify

# Musiekresensie

Lillian van Staden

## *Miley Cyrus: van pop tot powerful*

Of sy nou 'n blondine of 'n donkerkop is; of haar naam Hannah of Miley is, ons almal ken haar en haar musiek wat deur die jare ontwikkel het, terwyl sy meer volwasse geword het.

Haar liedjies as Hannah Montana het oor die algemeen dieselfde temas gehad: tienerliefde, *girl power,* dans en partytjies en die kontras tussen haar twee identiteite. Hierdie liedjies, wat baie gepas is vir jonger luisteraars, dra belangrike boodskappe aan 'n mens oor.


Miley Cyrus het grootgeword, en haar musiek moes saam met haar groei en sy het behoorlik van haar Hannah Montana-era af weggebreek. Haar musiek het volwassenheid bereik met die vrystelling van haar album: *Can't Be Tamed* (2010). Die musiek het nog meer ontwikkel met die album: *Bangerz*, wat 'n uniekheid na Cyrus se liedjies bring. Dit het genres soos *R&B* en dans-*pop* geïnkorporeer en het die nuwe fase van haar lewe bemagtig.

Die trefferliedjie, *Malibu,* uit die album *Younger Now*, wat rustiger is as van haar ander liedjies, reflekteer weer 'n ander deel van Miley se lewe. Die lirieke en melodie handel oor veiligheid. Die album word gekategoriseer as *Electropop*.

In *SHE IS COMING* (2019) is die gevoel van bemagtiging en vryheid in die album tasbaar en volgens 'n *Rolling Stone*-artikel het Cyrus 'n gevoel van selfversekering in *Plastic Hearts* uitgestraal. Sy is duidelik in haar element in dié album. Albei hierdie albums is popmusiek, maar dit bevat beslis elemente van ander genres.

Die lied op almal se lippe, teen so 'n mate dat dit 'n bietjie irriterend is, is *Flowers.* Weereens 'n lied wat bewys dat sy sterk is en nie nodig het dat ander mense haar bemagtig nie. Die vrystellingsdatum vir die album, *Endless Summer Vacation* is 10 Maart 2023 en sluit sonder twyfel nog 'n klompie kragtige treffers in.

'n Mens kan Cyrus se persoonlike progressie in haar musiek waarneem, dit is vir seker. Al sing sy steeds oor dieselfde goed waaroor sy as Hannah Montana gesing het, kom dit nou vanuit die oogpunt van iemand met ervaring van die lewe. Sy sing oor haar identiteit, haar liefde (wat ook self-liefde kan wees) en oor ander belangrike temas. Sy leer vir mense dat jy nie vir altyd dieselfde mens hoef te wees nie en dat jou sin vir selfwaarde van kardinale belang is.




# Het jy geweet?

Vivienne Pio



Die standbeeld voor die koshuis is veel meer as net 'n vrou op 'n donkie. Dié beeld is in April 2014 opgerig as deel van die *Cool Capitol*-projek waar bekende beelde regoor Pretoria opgerig is. Die beeldhouer is Angus Taylor. Die vrou simboliseer Maria wat op 'n donkie in Jerusalem ingegaan het, voor Jesus gebore is. Die beeld versinnebeeld eenvoud, natuurlikheid en verganklikheid. Die beeld is uit hout geskep en sal eendag ook vergaan, wat by die gedagte aansluit dat ons almal verganklik is en slegs tydelik op aarde is. Soos wat dit in Genesis 3:19 staan: "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer." Tannie Ciska van die koshuis sê egter sy behandel die donkie met *Woodgard*, want sy wil nie hê die donkie moet te vinnig vergaan nie. Dankie tannie Ciska, want die Klofies stem saam.



*Die standbeeld*
*- Foto: verskaf -*

# Valentynsbal 2023














***Valentynsbal***
*- Fotograwe: Vivienne Pio en Anri Jordaan -*






# ONDERSTEUNINGS-DIENSTE

ONS IS HIER VIR JOU

KOM GESELS MET ONS



EMOSIONELE ONDERSTEUNING

**AKADEMIESE HULP**

VAKKEUSES

Kom sien ons direk by ons kantoor
LANGS DIE DOME
agter die muur

**BERADER**
JUF. MARETHA SMIT

**OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE**
MNR. JOHAN LOUW
JUF. MICHELLE V.D. MERWE

**ONDERWYSSPESIALIS**
JUF. ANITA BOONZAAIER

**AFSPRAAK:**
Maak 'n afspraak op TEAMS tussen 07:00 - 14:00

KOM GESELS MET ONS!





*Mnr. en Mej. Waterkloof*
*- Fotograwe: Carla van Staden en Vivienne Pio -*

ONDERSOEK

# Stres: ‘n bate of ‘n las

**Anica Ueckermann, Juan de Wet, Claudia van Wyk en Kayla Borstlap**

Stres is ‘n term wat elke hoërskoolleerder beter kan omskryf as die definisie vir sy/haar volgende Biologietoets. Tog bekyk ons die term bloot oppervlakkig; ons spreek nooit werklik die onbekende agter die woord aan nie. Wat is stres? Is daar iets soos positiewe stres? Wat presies is negatiewe stres en hoe hanteer ‘n mens dit? Dit is ‘n mondvol vrae waaroor ons hopelik effense duidelikheid kan verskaf en sommer in dieselfde asem angs, depressie en ander gevolge daarvan kan aanspreek.

**Wat is depressie?**

Depressie word deur die American Psychiatric Association gedefinieer as ‘n algemene, behandelbare mediese siekte wat ‘n negatiewe invloed op jou gemoed, denkwyse en aksies kan hê.

**DEPRESSIE**

**Wat is stres?**

Stres is jou liggaam se reaksie op ‘n situasie, wat deur druk of eise wat aan jou gestel word, veroorsaak word. Stres word in drie verskillende kategorieë verdeel: positiewe stres, negatiewe stres en chroniese stres (wat aanleiding tot depressie gee).

**Stres versus depressie**

Stres het gewoonlik ‘n duidelike oorsaak, byvoorbeeld daardie Wiskundetoets van môre waarvoor jy nog nie begin leer het nie. Dit los gewoonlik self op terwyl jou lewe aanbeweeg. Maar, as stres vir ‘n lang tydperk aanhou, kan dit in na-depressie ontwikkel. Depressie is ‘n langtermyn mediese siekte, waarvan die oorsaak nie so duidelik is nie.

**STRES**

**Wat is angs?**

Angs is weer ‘n emosie wat gekenmerk word deur ‘n onaangename toestand van innerlike onrus, wat dikwels hand aan hand met senuweeagtige gedrag loop. Angs is dus die gevolg van langtermyn negatiewe stres. ‘n Gesonde mate van stres sal nie op angs uitloop nie.

**ANGS**

**POSITIEWE STRES**

Stres is bloot jou liggaam se reaksie op druk, hetsy positief of negatief. Positiewe stres is die tipe stresreaksie wat met positiewe emosies geassosieer word, wat ons ervaar wanneer ons opgewonde oor nuwe uitdagings raak. Hierdie tipe stres stel adrenalien in die liggaam vry en skep so die perfekte balans in jou liggaam om optimale prestasievlakke te behaal. Dis die “skoenlapperstres” wat die fladdergevoel in jou maag skep, wanneer jy van iemand hou of gretig wag om te hoor of jy vir die eerste span gekies is. Hierdie situasies laat jou nie in angs of depressie verval nie, maar dit bekommer jou en laat jou matige angstigheid ervaar.

Positiewe stres help jou om emosioneel te ontwikkel, aangesien dit jou verplig om jou gemaksone te verlaat en nuwe perspektiewe te vorm. Dit is die dryfkrag agter prestasie wat jou aanmoedig om harder te werk en te fokus op dit wat die stres veroorsaak. Verder kan positiewe stres jou motiveer om probleme meer deeglik te beskou en uitdagende doelwitte te bereik. Buiten die positiewe effek op jou gemoedstoestand en prestasie, kan positiewe stres ook jou immuunstelsel versterk, wat gevolglik jou fisiese gesondheid verbeter.

Die geheim agter positiewe stres, is om dit tot jou voordeel te benut en te voorkom dat dit in negatiewe stres omgeskakel word. Buit die verhoogde produktiwiteit wat positiewe stres meebring, uit deur dinkskrums te hou om met oorspronklike idees en oplossings vorendag te kom, op die taak te fokus en die optimale resultate te verkry. Stel vir jouself nuwe uitdagings sodat jy altyd ‘n goeie vlak van positiewe stres het wat jou prestasievlakke kan optimaliseer.

**NEGATIEWE STRES**

In teenstelling met positiewe stres, is negatiewe stres die reaksie wat ons ervaar wanneer ons liggaam ‘n bedreiging vir ons welstand waarneem. Dit sluit emosionele, sosiale, geestelike of fisiese lyding wat ‘n persoon hartseer, bang, depressief, angstig of eensaam laat voel, in. Dit is ‘n langtermynstres wat nie net ‘n negatiewe invloed op jou emosionele welstand het nie, maar ook op jou fisiese welstand kan hê. As gevolg van die mate van spanning begin die leerder om liggaamlike simptome te toon. Dit sluit in: spanningshoofpyne, oormatige sweet, naarheid en slaaploosheid. Hierdie tipe stres is buite ons beheer en is te oorweldigend om effektief te beheer. Dit is die tipe stres wat aanleiding tot chroniese stres, angsversteurings en depressie gee.


**GEVAARTEKENS SLUIT IN:**

- ’n Angstige of spanningsgevoel gedurende die grootste deel van die dag, veral soggens.
- Moegheid en die verlies aan energie.
- Daaglikse skuldgevoelens en die gevoel van minderwaardigheid wat gekoester word.
- ‘n Afname in konsentrasievlakke en ’n gevoel van onsekerheid.
- Slaaploosheid.
- Geen belangstelling in daaglikse aktiwiteite nie.

**STRESHANTERINGSVERMOËNS**

- Leer om selfgeldend “nee” te sê en vermy so onnodige spanning.
- Bestuur jou tyd wys deur jou dag te beplan. Trek ‘n rooster op van wat, wanneer, waar en hoe dinge moet gebeur en gedoen word.
- Volg ’n gebalanseerde leefstyl. Eet gesond en oefen gereeld.
- Praat met ’n persoon wat jy vertrou – ’n volwassene, ‘n berader, ouers of ‘n onderwyser om saam ’n plan te beraam.
- Kalmeer jouself deur asemhalingsoefeninge te doen.
- Druk jou gevoelens openlik – met respek – uit.
- Verander jou perspektief. Leer om ‘n negatiewe situasie uit ’ n positiewe oogpunt te beskou.
- Pen jou gevoelens en probleme neer deur uiting daaraan te gee; dit help om jou angs te verwerk.




**Slotsom**

Jy ken jouself beter as wat jy dink. Moenie jou simptome as onbelangrik afmaak nie. Luister na jou liggaam en jou brein, vra vir hulp, moenie oorgee aan die onlogiese behoeftes van jou depressie nie. Moenie skaam wees oor jou besoek aan die sielkundiges, ondersteuningsgroepe of selfs die boksgevegte met jou kussing nie. Wees realisties en spreek jou bekommernisse aan. As jy met ‘n lewensgevaarlike siekte gediagnoseer is, sal jy onmiddellik die nodige mediese hulp ontvang en alle nodige medikasie neem. Depressie is ook ‘n lewensgevaarlike siekte. Neem die regte mediese stappe, kry die nodige medisyne en stap die pad na genesing.

Hou die wyse woorde van mnr. Mollentze in gedagte: “Die dag wat jy erken jy het ‘n probleem, het jy dit al klaar halfpad oorwin.”

**Bronne:**
*Better You.* https://www.betteryou.ai/what-is-positive-stress/#:~:text=Positive%20stress%20is%20called%20%E2%80%9Ceustress,helpful%20impact%20on%20our%20wellbeing.
*Better Help.* https://www.betterhelp.com/advice/stress/understanding-positive-stress-and-how-to-use-it-to-your-advantage/
https://www.advekit.com/blogs/what-is-positive-stress
*Alvarado Parkway Institute*
https://apibhs.com/2019/04/26/what-is-the-difference-between-stress-and-depression
*American Psychiatric Association*
https://www.psychiatry.org/patients-families/depression/what-is-depression
**Onderhoud:**
Mnr. Jan Mollentze, tans besig met sy meestergraad in streshanteringsvaardighede.
Mnr. Morné Viljoen.
Johan Louw, ‘n kliniese sielkundige van Hoërskool Waterkloof.
1. *Depression, did you know?* Rian Prinsloo, Lundbeck Uitgewers, November 2021

# Gelets vir 'n *genius*

**Anica Ueckermann en Claudia van Wyk**


Wiskunde… dit is 'n woord wat sommige leerders se kele laat opdroog tot droogtetoestande meer krities as in die Sahara-woestyn, hulle harte tot by hulle kleintoontjies laat sak en die knop in hulle mae laat swel tot die grootte van 'n netbalbal. Dan kan ons nie vergeet van die kreatiewe verskonings wat jy moet optower wanneer jou ma die 50% Wiskunde-gemiddeld – wat uitstaan langs die res van jou punte wat in die hoë 70's lê – bevraagteken nie. As Wiskunde nie 'n toelatingsvereiste vir sekere universiteitskursusse was nie, het die meerderheid van ons in 'n oogwink Wiskunde gestaak.

So, sit jou vooropgestelde persepsies opsy en antwoord die volgende paar vrae eerlik: Neem jy slegs Wiskunde omdat jou ouers dit vereis? Sukkel jy vir ure met Wiskunde- huiswerk (wat veronderstel is om slegs enkele minute te neem) omdat jy bang is dat mense jou as dom of lui sal beskou as jy eerder Geletterdheid neem? Stel jy nie eintlik in Wiskunde belang nie, en neem jy dit net omdat jy verplig voel? Indien ja, is dit 'n goeie idee om jouself en jou toekoms te prioritiseer deur Wiskundige Geletterdheid te oorweeg.

Juffrou Tanri de Witt, 'n Wiskundige Geletterdheid-onderwyser aan Hoërskool Waterkloof, het tydens ons onderhoud 'n paar redes uitgelig waarom Geletterdheid die ideale keuse vir jou kan wees. Sy vertel dat die vak vir jou soveel lewensverrykende vaardighede aanleer, ruimte skep waarin jy kan groei en jou vir die werklike uitdagings van die grootmenslewe voorberei. Terwyl gewone Wiskunde jou 'n meester maak van trigonometriese somme wat nie sin maak nie, al jou tyd cos en jou op jou tande laat kners, leer Wiskundige Geletterdheid jou die vaardighede aan om Wiskunde in die alledaagse lewe toe te pas. Die kurrikulum sluit finansies, wat in graad 10 en 11 behandel word, tot die matrieksillabus wat die toepassing van inkomstebelasting uiteensit, in.

Kom ons pak die bul by die horings en spreek die wanpersepsie aan. Wiskundige Geletterdheid is nie 'n makliker vorm van Wiskunde nie. Dit is heeltemal 'n ander vak, met sy eie stel Vlak 4-somme wat selfs nie alle Wiskunde-leerders sal kan uitwerk nie. Geletterdheid verg ander probleemoplossings-vaardighede en aktiveer ander dele van jou brein. Om 'n hele paragraaf te ontleed om by 'n antwoord uit te kom, is beslis nie vir lui of onintelligente leerders nie. Miskien is medies nou nie jou voorland as jy wel Geletterdheid neem nie, maar jou beroepsopsies is beslis nie beperk nie. Wiskundige Geletterdheid maak nie die deur toe vir rigtings soos Regte, Onderwys, Sielkunde en enige ander BA-grade nie.

Die stigma wat aan Wiskundige Geletterdheid kleef, is 'n euwel wat afgeskud moet word. Sal jy Rekeningkunde neem as jy geen belangstelling daarin het nie, vir verstaan wat 'n grootboekrekening is nie en dit nie nodig het vir jou studierigting nie? Nee, beslis nie. Neem jou stresvlakke in ag, raak ontslae van die negatiewe persepsies, en neem Wiskundige Geletterdheid as dit help met wat jy in die toekoms beplan. Dit is sinneloos om jou lewe stresvol te maak deur 'n vak te neem wat nie jou toekoms bepaal nie.




# Die Ferreira-broers wys Kloof wat wêreldklas is

**Mia van der Walt**



*Gerthyo en Wilando Ferreira*
*- Foto: Verskaf -*

Gerthyo en Wilando Ferreira (gr. 12 en gr. 10) is besig om die wêreld te verander en mense te wys wat Kloof werklik is: Die Liefdesgenerasie. Die twee broers het verlede jaar 'n Expo-projek aangepak waar hulle 'n vraelys ontwerp het wat tieners kan invul om te toets vir tekens van depressie, angs en selfmoord. Indien leerders dan enige van dié tekens toon, word hulle name na die skool se sielkundiges deurgestuur sodat hulle die nodige hulp en ondersteuning kan ontvang.

In Gerthyo se gr. 10-jaar het hy besef hoe 'n groot probleem tienerselfmoord tans is, en na verdere navorsing het hy en sy broer bevind dat meer as 20% van die hoërskoolleerders in Suid-Afrika al hulle eie lewens probeer neem het! Dit het hulle laat besef dat hulle iets daaromtrent wil doen. Een gedagte het tot 'n volgende een gelei, en verlede jaar was hulle die nasionale wenners van die *SAYESS*-kompetisie. Hulle is genooi om die land gedurende 2023 by die *EXPORECERCA JOVE*-kompetisie in Spanje te verteenwoordig. Al hul harde werk is beloon toe hul aangekondig is as Internasionale wenners, sowel as die wenners van die Sielkunde-afdeling. Dis 'n besondere prestasie – waarlik wêreldklas!

Wat die toekoms betref, werk hulle ook saam met 'n IT-span om die vraelys in 'n *app* te ontwikkel en dit na skole dwarsoor die land te versprei. Op hierdie manier sal die wêreld weer stukkie vir stukkie, heelgemaak kan word.



*Gerthyo en Wilando Ferreira in Spanje*
*- Foto: Verskaf -*



Lyné Steyn

# Akademiese Toppresteerderswegbreek

**Kayla Strydom**

Apies, astronomie en 'n breuk van akademie

"Selfs die reënweer kon nie die gees wat onder vanjaar se groep leerders geheers het, blus nie!" het me. Minnie Thom oor vanjaar se akademiese toppresteerderswegbreek gesê.

Die Kloof-bussies het 11 Februarie op die reënerige Saterdagoggend, die opgewonde leerders op 'n avontuur geneem wat hulle vir die res van die jaar sal onthou.

Die eerste bestemming, *Mystic Monkeys and Feathers Wildlife Park*, met hulle vreemde apies en wilde diere, het vir groot opwinding gesorg. Daar was apies van regoor die wêreld, van Suid-Amerika tot Asië.

Klofies skrik nie vir die bos nie en het by *Kwalata Adventure Camp*, in die Dinokeng-reservaat, oornag. Die natuur was die perfekte ruskans vir die leerders na die uitdagende akademiese jaar.

Lourensa Eckard, verslaggewer en aanbieder van die program *In Gesprek* op KykNet, het haar insig oor Suid-Afrika se politieke stelsel met Klofies kom deel. Die nuuskierige Klofie-leerders was nie skaam om saam te gesels nie.

'n Wildrit deur die reservaat was volgende op die program. Klofies se oë het groot gerek vir die leeus en renosters wat skrams verby die voertuig beweeg het. Daar is vreeslik lekker geesgevang en vriendskappe het hegter geword.

Die aand is afgesluit met 'n interessante astronomie klas aangebied deur Hennie Maas, aanbieder van die program *Sterre en Planete* op RSG, en die gr. 9's wat hulle konsert opgevoer het. Almal het lekker gelag, vir die buitengewone sêgoed wat die leerders kwytgeraak het. Die wegbreek toets beslis die leerders se kreatiwiteit.

Sondagoggend, na 'n smullekker ontbyt, het Kloof se eie pastoor, Brandon Bean, 'n inspirerende boodskap vir die leerders oorgedra.

Die leerders is vol moed en nuwe ywer om die jaar aan te pak en na die boeke terug te keer.



*Akademiese Toppresteerders*
*- Foto: verskaf -*

# Van ons Kloof-huis na *Ons Huis*

Laureanne Geertsema en Dieter Stehle

Vir jare lank al vermurwe Klofie-leerders die gemeenskap se harte met hulle omgeekultuur. Die graad 11's het onlangs opnuut weer hulle harte op hulle moue gedra tydens 'n onvergeetlike uitreik na Ons Huis – 'n plaaslike tehuis vir volwassenes met verstandelike gestremdhede. Dié gemoedelike huisopset is jare gelede deur die Ring van Kerke gestig en dit was die graad 11's se eerste kuier aan't huis. Toiletpapier, seep, blikkieskos en asbliksakke was maar net 'n paar items op Ons Huis se wenslysie.

Na weke van insameling, het 'n paar verteenwoordigers van die graad 11's op 28 Februarie gaan inloer by die liewe inwoners van Ons Huis wat net 'n klipgooi weg van die skool af is. Die middag het gesorg vir groot opwinding vir beide leerders en inwoners. Met hul aankoms is die Klofies eers 'n bietjie meer vertel oor die geskiedenis van die huis, die inwoners self en hoe hulle daaglikse roetine verloop. Elke inwoner het sy unieke verhaal gedeel wat net nog meer kleur en geur aan die kuier verleen het.

Die Klofies het elkeen 'n prentjie wat deur 'n inwoner geteken is, ontvang en daarna die geleentheid gekry om die nuutgevonde vriende 'n bietjie beter te leer ken. Daar was 'n wye verskeidenheid persoonlikhede, gesprekke en ouderdomme om mee te kuier! Die jongste inwoner is maar 18 jaar oud en die oudste al 62. Die glimlagte op die gesigte sou enige buitestander se hart laat smelt! Op pad terug skool toe, het almal vrolik geklets en stories uitgeruil oor nuwe vriendskappe wat gesmee is.

Met 'n terugblik op die dag, het die Klofies beslis waardevolle lesse geleer: om terug te ploeg in die gemeenskap en tyd saam met ander mense wat dit nie te maklik in die lewe het nie, te spandeer, is beslis nie 'n hartseer ervaring nie! Dit is wel 'n warm gevoel van opregte liefde en dankbaarheid. Die beste geskenk wat 'n mens aan 'n persoon met enige gestremdheid kan gee, is liefde, aanvaarding en onvoorwaardelike vriendskap.

Die graad 11's het bewys dat hulle 'n graad is wat baie omgee. As leerders van Hoërskool Waterkloof moet ons trots wees op die verskil wat in die wêreld gemaak is en moet ons geïnspireer word om daarop voort te bou. Alhoewel die graad 11's werklik uitmuntende werk gedoen het deur soveel as moontlik van Ons Huis se wenslysie in te samel, word donasies deurlopend benodig en opreg waardeer. Ons Huis Trust se *Facebook-blad* bevat breedvoerige inligting oor hulle behoeftes en dringende benodigdhede. Waterkloof is opreg trots op die graad 11-leerders wat werklik 'n verskil in die wêreld maak – so op die skool se voorstoep! Die Klofies ís voorwaar 'n liefdesgenerasie – iets om altyd na te streef!






*Graad 11's*
*- Foto verskaf -*

## Met grysheid kom wysheid: **Me. Marinda Behr**

Nicolas du Plooy

Kom ons wees nou maar eerlik, die meeste van ons kies die hasepad as ons die woord "Biologietoets" hoor. Maar, dié Lewenswetenskap-ghoeroe, skrik nie sommer vir koue pampoen nie. Veral nie as dit by harde werk kom nie.

Hier volg 'n paar vinnige feite oor juffrou Behr. Sy is hierdie jaar 42 jaar lank al in die onderwys. Haar gunstelingpizza is hoender, rissie en mayonnaise. Sy is mal oor reis en *Boer soek 'n vrou* is haar gunsteling-TV-program. Met grysheid kom beslis nie verveligheid nie. Sy is mal oor enige iets wat 'n mens 'n adrenalienhupstoot kan gee soos skubaduik en motorfietsry.

'n Nuweling in die Biologiefamilie, juffrou Danielle Roos, sê: "Juffrou Behr was en is 'n uitstekende mentor. Sy ken haar vak soos die palm van haar hand, sy het nie eens 'n handboek nodig om te verduidelik nie. Sy is 'n groot inspirasie. Sy is baie toeganklik; as ek onseker oor iets is, kan ek haar enige tyd vra en sy sal my met liefde help en ondersteun. Sy het 'n groot rol gespeel in die vorming van die onderwyser wat ek vandag is. Ek is baie dankbaar."

Juffrou Behr se raad is om jouself gereeld uit te daag en om uit jou gemaksone te kom. "Dis dan wanneer jy as mens ongelooflik groei." En wees positief. Haar bloedgroep bepaal haar lewensingesteldheid: "B(e)+" 'n Mens kan beslis, sonder twyfel sê dat juffrou Behr 'n kampvegter vir haar vak is. Haar passie en toewyding is iets om te aanskou. Sy is nie net 'n onderwyser nie, sy inspireer.



*Me. Marinda Behr*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*







# Paparazzi-pret

*Fotograwe: Anri Jordaan, Elmar Smit, Esmerie Geldenhuys, Jack Brevis, Juandré le Roux, Keaan Viljoen, Lara Myburgh, Liani Reynolds, Vivienne Pio*

















































# Kloof se skattejag

Lyné Steyn, Juan de Wet

**Staan 'n kans om R500 te wen!**

Soek die volgende vrae se antwoorde in die *word search*:

Stuur 'n foto van die blok met die versteekte woorde (omkring die woorde of gebruik 'n *highlighter* om dit aan te dui) vir juf. Retha Hofmeyr op *Teams*.

As jy al die woorde gekry het en gemerk het kan jy die volgende lees. Die wenk gee vir jou 'n idee van waar die volgende raaisel sal plaasvind. **Dink mooi!**

**Sluitingsdatum:** Saterdag 25 Maart 2023

**Wenk:** Die matrieks van 1985 se Facebook-blad het 'n prent van die skoollied wat in 2015 gepubliseer is. Reël 1 en 2. Reël 5 en 6.

Kyk uit en luister mooi vir wenke in Kwartaal 2 vir die volgende rondte se raaisel!

Hou jou Klofiekan Uitgawe byderhand, vir ingeval jy nie die raaisel kon regkry, nie vir nog 'n wenk.

**Wenk:**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | A | N | F | G | E | T | F | E | A | R | J | U | I | S | V | B | E | A | A | F | D | G | M | I | O | G | H | U | P |
| A | U | G | F | R | A | L | R | A | C | O | S | T | Y | E | F | R | D | O | O | K | G | V | I | N | N | I | G | A | G |
| D | R | L | E | F | Y | N | H | W | S | L | S | I | T | F | U | J | N | Y | G | V | O | L | H | I | C | N | Z | E | V |
| D | O | P | E | T | N | N | W | K | I | D | E | A | W | G | V | G | O | J | Z | E | N | B | Y | F | K | U | B | O | O |
| E | E | R | D | E | R | I | L | Z | S | A | Y | S | L | E | E | M | K | A | A | S | E | D | G | N | E | J | K | L | I |
| M | R | E | A | F | Z | H | E | X | U | F | A | G | K | N | L | I | S | G | U | S | T | A | V | M | E | R | T | Z | I |
| A | W | Q | I | B | V | M | O | C | K | E | S | E | E | I | A | N | G | W | E | V | U | C | E | E | A | F | D | L | L |
| A | G | E | N | O | E | M | J | F | A | A | F | E | Q | P | H | N | G | I | P | N | P | O | H | V | U | N | Y | U | M |
| N | A | S | T | R | Y | F | E | F | N | R | S | S | A | P | H | I | R | E | S | E | E | N | M | E | P | O | I | N | T |
| B | R | O | M | A | R | I | N | D | A | B | E | H | R | I | V | E | P | U | E | K | S | S | E | A | F | G | H | S | I |
| F | E | A | S | F | T | T | Y | B | A | N | N | E | R | S | S | T | F | E | R | E | P | J | I | K | L | C | E | R | F |
| D | A | P | L | V | O | I | D | A | X | E | L | L | W | A | T | H | I | J | A | P | R | I | L | S | A | I | D | E | R |
| F | S | Z | I | L | D | O | R | A | L | K | D | E | C | E | G | O | O | P | Z | A | E | A | D | F | E | G | H | M | M |
| X | E | F | D | O | L | L | D | R | E | A | M | C | O | O | L | M | R | B | E | A | N | S | M | A | S | H | K | M | L |
| O | K | A | F | T | E | D | R | A | F | Y | H | T | A | P | G | H | O | N | E | R | T | S | L | D | A | O | K | E | L |
| M | O | V | E | I | T | K | S | D | R | E | O | R | P | J | A | N | N | L | A | A | T | M | P | W | L | Y | I | W | G |
| A | S | E | W | R | H | T | U | J | A | L | R | O | V | I | V | R | U | S | K | D | R | E | Y | T | H | A | W | S | K |
| D | E | U | R | A | K | N | A | L | I | R | S | P | S | D | R | I | T | Y | O | W | O | S | A | D | Y | N | W | I | G |
| W | U | I | O | B | F | R | Y | H | I | N | D | O | P | D | S | A | T | Y | N | J | I | E | L | F | D | E | R | E | N |
| S | E | D | F | G | N | I | J | K | Y | T | H | P | E | W | C | I | U | O | J | N | G | N | S | E | R | G | U | H | D |

1. Wie het die volgende gesê? "Selfs die reënweer kon nie die gees wat onder vanjaar se groep leerders geheers het, blus nie!"
2. In watter land het Ben Delport ons land se naam hoog gehou in November 2022?
3. Wie se droom het na vier jaar en drie maande waar geword?
4. Vul die ontbrekende woord in: "Een gedagte het gelei na 'n volgende, en laasjaar was hulle die nasionale wenners van die ______-kompetisie."
5. Na wie word daar verwys in hierdie sin? "Sy liefde vir diere het verseker nie oornag ontwikkel nie, maar diere en hulle veiligheid was al klaar 'n groot prioriteit vir hom as klein seuntjie."
6. Vul die ontbrekende woord in: "Hoe is dit om in die Top 10 te wees?" "Dit voel bietjie soos ________ - jy weet nooit wie jou volgende gaan uitskop nie."
7. Wat is Elizabeth Maria se noemnaam?
8. In watter Bybelboek staan: "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."
9. Ek dink almal wil ________ wees want hulle het meer geesliedjies wat by hulle naam pas.
10. Vul die ontbrekende woorde in: "Skoolleerders gaan vir ongeveer 6 ure per dag skool en het in die middae gemiddeld 2.5 ure se huiswerk om ___ __ ____."
11. Wie se gunstelingpizza is hoender, rissie en mayonnaise?
12. Wie het sy vlerke gesprei en Kaap toe gevlieg?
13. As watter genre word die album *Younger Now* gekategoriseer?
14. Vul die ontbrekende woord in: "Jy staan vir 'n oomblik stil en staar na die _______ se grasieuse bewegings..."

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Suné van der Merwe




## SOEK DIE POU PATROLLIE

Vind die 5 versteekte blou poue ook bekend as

Pou patrollie



# Tong-in-die-Kies

Handro Myburg en Arnold Dippenaar

Die jaar skop af met 'n golf nuwe Druppels wat klaar besluit het hulle is te goed om hulle beffies te dra. Ons bied graag vir julle 'n paar wenke aan oor hoe om 'n Druppel uit te ken en te vermy. Indien jy iemand met lelike grys kouse sien, is daar 'n 95% kans dat dit 'n Druppel is, hardloop onmiddellik weg. Indien jy 'n seun sonder 'n das sien, of hoor dat 'n meisie op 'n matriekseun verlief is, is daar 'n baie goeie kans dat jy met 'n Druppel te doen het. Onthou altyd 'n Druppel kan jou op enige plek nader so moenie dink jy is veilig in die Spar, Lats, of die matriekbadkamers nie.

Daar vind vanjaar 'n paar veranderings by Kloof plaas. Die ekotuin is nou weg. Daar is besluit dat 'n amfiteater meer eko-nomies as rotgif is. 'n Nuwe era van dissipline word ook afgeskop. Baadjies moet nou te alle tye gedra word ('n verkoelingstelsel word nou in die baadjie ingebou wanneer jy erekleure kry). Enige iemand wat sonder sy baadjie gevind word, sal forseer word om deur die hele kaperjolle te sit sonder om sy foon een keer te gebruik.

Die jaar se atletiekseisoen was vol opwinding. Vanjaar se interhuistema was: dra die hemp van jou keuse. Dit sal dalk net goed wees as almal nie Tornado-klere kies nie. Die Klofies neem dié jaar aan twee interhoërbyeenkomste deel. Almal sê dat die eerste een se gees sleg was as gevolg van die flou *sing-songs* (en stake), maar hulle kyk net na die verkeerde pawiljoen. Die fietsbaan se pawiljoen was propvol Klofies. Die graswalle was eintlik meer pret as wat dit gelyk het, dit was soos 'n *slip-and-slide*, net sonder enige water. Gelukkig het die atletiekbestuur 'n wêreldklasstrategie vir die tweede interhoër bedink. Laat die ander skole sonsteek kry, terwyl die Klofies watergevegte in die skaduwee hou. Die bestuur het net vergeet om die varkgriep ook in die ander skole se sonbrandroom te sit. Nou is die klasse so leeg dat dit soos COVID-20 lyk.

Met Valentynsweek was die liefde in die lug. Die Druppels se mammas het vir hulle seuntjies blomme gekoop en die matrieks kon nie besluit of hulle iemand drie, vier of vyf jaar jonger moet uitvra nie. Dit was so onvoorspelbaar soos wanneer die *Pullover*-seremonie gaan plaasvind. By die Liefdeskonsert was daar 'n baie sjarmante seremoniemeester, die wêreldberoemde Ed Sheeran. Dit was 'n aand vol liefde. Die *Mad Hatter* se liefie het opgetree. Dit was 'n Franse liedjie, maar was dit 'n *french kiss*? 'n Mens sou dink dat iemand verjaar het.

By die Valentynsbal was daar die jaar 'n regte rookmasjien, net soos vorige jare, maar ook anders as vorige jare. Daar was 'n hele paar kinders wat bang was dat hulle skandes binne-in die *Photobooth* aan die lig sal kom toe die foto's aanlyn vrygestel is. Dankie tog vir Rikus wat eers die foto's gesensor het. Die arme man wat al daardie sondes moes sien. Hy het 'n duur prys betaal, nog duurder as 'n deurnagsokkiekaartjie.

Mnr. en Mej. Waterkloof het vanjaar 'n paar onverwagte draaie gevat. Die hoof het aangekondig dat daar twee Mnr. Waterkloofs gaan wees. Die spanning was so hoog dat selfs Damian se jawline dit nie kon sny nie. Die puntetellings was tot op drie desimale presies gelyk. Die twee wenners is toe natuurlik Roddy van *flushed away* en mnr. *"Perm"anently* in die moeilikheid. Miskien moes hulle eerder die wenner bepaal het deur 'n *coinflip* of nog beter 'n *guitarflip*. Die eintlike wenner was Kyle van Droomsindroom, wat al die ma's in die gehoor se harte sag gemaak het.

Ongelukkig het ons nou soos 'n kind in 'n Afrikaansvraestel ons woordlimiet bereik. As die jaar aangaan soos wat dit begin het, gaan dit 'n baie opwindende 2023 wees. Ons sien uit om nog 'n jaar van opwinding, skandale en ergernis vir julle te dokumenteer.



*Handro en Arnold*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

# Captain's Corner

Lize Erasmus, Dieter Stehle

Met trots vir hulle skool en passie vir hulle sport, hou Kayla Murray, Dale Arlow, Beukes van den Berg, Bryce Siebrits, Joané Coetzee, Julia Volschenk en Erick van Zyl, die kapteine van verskeie sportspanne, Hoërskool Waterkloof se naam hoog.

**Wanneer het jy jou liefde vir sport ontdek?**

**Dale (atletiek):** In die laerskool toe my pa gesien het dat ek nie regtig vinnig kan hardloop nie, maar 'n bal nogal ver kan stoot.

**Kayla (atletiek):** In graad 4 toe ek per ongeluk die aflosspan gemaak het.

**Beukes (krieket):** Op driejarige ouderdom toe ek saam met my nefies, wat heelwat ouer as ek is, tuinkrieket begin speel het.

**Bryce (boogskiet):** Ek het begin met boogskiet in 2020 tydens die grendeltydperk.

**Joané (boogskiet):** Ek het my liefde vir boogskiet in graad 8 ontdek. Ek het in die begin van graad 8 bosluiskoors opgedoen en het as gevolg daarvan op atletiek en netbal uitgemis. Ek het toe besluit om boogskiet te doen omdat my pa dit al vir 'n rukkie gedoen het.

**Julia (swem):** Ek het op die ouderdom van 2 begin swem. Van daar af het my liefde vir swem net gegroei tot waar dit vandag staan.

**Erick (swem):** Swem is nog altyd my passie vandat ek vier jaar oud was. Daardie gevoel wanneer jy deur die water gly, is onbeskryflik.

**Wat is jou drome vir jou span of jou eie sportloopbaan?**

**Dale (atletiek):** My doelwit is om aan die SA's deel te neem en my droom is om 'n sportbeurs by 'n universiteit te kry sodat ek kan studeer en my sport kan beoefen.

**Kayla (atletiek):** My droom vir die span is om weer in die top-3 by die Super Interhoër te eindig. Ek glo die span het die potensiaal om groot dinge te bereik en om dit in die proses vreeslik te geniet. *(Haar droom is vanjaar beslis bereik!)*

**Beukes (krieket):** Die standaard van Waterkloof se krieket is baie hoog en ek wil graag op die wenkultuur voortbou. Ek wil ook graag die span lei om ons posisie as 'n top-10-krieketskool in Suid-Afrika te behou en ook die nr. 1-krieketskool by die Titans te wees. My doelwitte vir my eie krieketloopbaan is om my talente voluit te leef en seker te maak dat ek op die hoogste vlak speel wat ek kan bereik.

**Bryce (boogskiet):** My doelwitte vir die span is dat almal aan kompetisies sal deelneem en dit sal geniet.

**Joané (boogskiet):** My grootste droom en doelwit vir my span is dat elkeen die sport sal geniet en dat meer leerders aan die sport sal begin deelneem. My eie doelwit vir 2023 is om die World Indoor Archery Championships (in Engeland) te wen asook om voor te berei en te kwalifiseer vir die Field-kampioenskap wat in 2024 in Brasilië gaan plaasvind.

**Julia (swem):** Ons doelwit vir die span was om elke oomblik by Interhoër te geniet. Ons het hierdie jaar in die A-bond geswem en wou wys wat Kloof werklik kan doen.

**Erick(swem):** My droom was dat ons A-span in die A-bond sou bly, aangesien dit ons eerste keer terug was in 'n baie lang tyd. Ongelukkig het daardie droom nie gerealiseer nie. Die plan vorentoe is om aan te hou oefen sodat ons in die beste moontlike posisie vir volgende jaar kan wees.

**Watter uitdaging ervaar jy ten opsigte van jou sport?**

**Dale (atletiek):** Om jou kop reg te kry terwyl jy deelneem.

**Kayla (atletiek):** Om jou as persoon en jou as atleet van mekaar te skei. Dit is baie maklik om jou selfwaarde aan jou prestasie te koppel.

**Beukes (krieket):** Om 'n konstante vlak van prestasie te handhaaf.

**Bryce (boogskiet):** Om elke naweek jou tyd op te offer vir kompetisies en om hard te werk, al gaan dit nie so goed nie.

**Joané (boogskiet):** Die moeilikste is om aan te hou oefen en om jou denke positief te hou as dit 'n slegte dag is met betrekking tot hoe jy skiet.

**Julia (swem):** Die moeilikste deel van swem is om fiks te word en te bly. Dit voel aan die begin asof jy nêrens kom nie.

**Erick (swem):** Om weer fiks te word na 'n af seisoen.

**Hoe handhaaf jy 'n balans tussen jou sport, akademie en sosiale lewe?**

**Dale (atletiek):** My sport en sosiale lewe loop saam; my meisie en vriende beoefen dieselfde sport as ek. Wat my akademie betref, leer ek die aand voor 'n toets met 'n sterk koppie koffie en dalk 'n energiedrankie as ek Wiskunde skryf.

**Kyla (atletiek):** Dit is baie moeilik, maar die mense waarmee ek myself omring, is baie goeie ondersteuningstelsels en dit neem maar baie laat aande en vroeë oggende met baie koffie tussenin.

**Beukes (krieket):** Dit bly 'n uitdaging, maar deur fyn beplanning en opofferings is dit moontlik.

**Bryce (boogskiet):** Boogskiet is deel van jou sosiale lewe, want daar is baie mense waarmee jy kan praat wat die sport ook beoefen en ek doen my skoolwerk deur die week omdat ek oor naweke skiet.

**Joané (boogskiet):** Deur my tyd te beplan en ook tyd vir ontspanning te maak.

**Julia (swem):** Dit raak soms moeilik, maar jy moet maar net prioriseer wat die belangrikste is vir daardie dag.

**Erick (swem):** Dit is baie moeilik, veral nou in matriek. Daar is 'n hele paar keer wat die een opgeoffer moet word vir die ander een, maar dit kom neer op beplanning en koffie.

**Wat is 'n interessante feit van jou wat niemand anders weet nie?**

**Dale (atletiek):** Ek kan nie baie goed sien nie en ek is bang vir spinnekoppe.

**Kayla (atletiek):** Ek lees graag boeke oor klimaatsverandering en klimaatsaktiviste. Dit inspireer my om ook my deel te doen.

**Beukes (krieket):** Ek eet geen sous, groente of vrugte nie.

**Bryce (boogskiet):** Baie mense weet nie dat ek van die bosveld hou nie.

**Joané (boogskiet):** Ek is nie net 'n SA-boogskut nie, maar ook 'n SA-gimnas, en ek vang groter visse as mnr. Muller.

**Julia (swem):** Ek het baie unieke oë. Een oog is bruin en die ander een blou of groen.

**Erik (swem):** Ek is 'n regte boekwurm en een keer het die gogga my kwaai gebyt en het ek die hele Percy Jackson-reeks in vyf dae klaar gelees.

**Wat is jou toekomsdrome?**

**Dale (atletiek):** Om my ouers eendag terug te betaal vir alles wat hulle al vir my gedoen het.

**Kayla (atletiek):** Ek sal graag weer 'n nasionale span wil haal, maar my droom is om 'n geoloog te word.

**Beukes (krieket):** Om my krieketloopbaan na matriek voort te sit en 'n professionele krieketspeler te word.

**Bryce (boogskiet):** Om boogskiet vir 'n lewe oorsee te beoefen.

**Joané (boogskiet):** Ek wil graag betrokke raak by veeartsenykunde om my liefde vir diere en die natuur uit te leef.

**Julia (swem):** Ek wil baie graag 'n dokter word en mense in nood help.

**Erick (swem):** Ek wil graag eendag in 'n mediese rigting ingaan. My grootste droom nou is om keuring daarvoor te kry.



*Voor vlnr: Joané Coetzee, Julia Volschenk, Kayla Murray, Erick van Zyl, Dale Arlow, Beukes van den Berg, Bryce Siebrits,*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Die lewe is 'n sport op sy eie

Lyné Steyn

As ek nog een keer moet hoor: "Wanneer gaan julle tieners nou regtig iets doen? Julle is nog jonk; julle moet baie energie hê," sal ek sommer 'n ekstra uur slaap net om aspris te wees. Ja, ons het dalk meer energie, maar neem ook in ag waar al daardie uitbundige tiener-energie elke dag heen verdwyn. En dit net vir die "gewone" dagtakies en liggaamsfunksies. Om nie eers te praat van die energie wat gebruik word as jy nog 'n sportsoort ook beoefen nie.

Ja, om net te ***lewe*** is 'n sport op sy eie! So, as jy nie 'n atleet of 'n sportster is nie, moenie toelaat dat iemand ooit weer vir jou sê jy "doen niks" nie. Selfs vir net normale liggaamsfunksies soos asemhaling, jou liggaam se bloedsirkulasie en die uitvoering van gewone selprosesse, het meisies 1600 tot 2200 kalorieë en seuns 2200 tot 3000 kalorieë per dag nodig.


Skoolleerders gaan vir ongeveer ses ure per dag skool en het in die middae gemiddeld 2,5 ure se huiswerk om kaf te draf. Vir elke uur wat jy sit (in die klas of agter die boeke), verbrand jy nagenoeg 130 kalorieë. Dit werk uit op 1105 kalorieë wat verbruik word deur net te sit! Maar as sit soveel energie gebruik, verbruik stap nóg meer. En van stap kan jy 'n skoolgaande tiener niks leer nie. Daarvan doen ons baie op 'n normale skooldag – veral as jy nie deur die middelgang mag stap nie, maar 'n veiliger matrieklose ompad moet vind. Ons loop tussen 4000 tot 6000 treë per dag, wat ongeveer 2 myl – of 3,22 km – is. Vir elke myl verbrand jy minstens 100 kalorieë. En as jou tas gepak is vir 'n hele dag se periodes en so veel weeg soos 'n vetgemaakte kalf, kan jy net raai hoeveel ekstra energie verbruik word.


Ek wed jou dat jy nie geweet het dat as jy vir 'n uur kuier, jy 57 kalorieë verbrand nie! En kan jy glo dat jy 5,7 kalorieë verbrand as jy vir twee minute (soos wat van jou verwag word) jou tande borsel? En onthou jy moet ten minste twee keer per dag jou pêrelwittes skrop. Verder verbrand 'n mens tussen 46 en 56 kalorieë terwyl jy slaap (Jip, letterlik as jy "niks doen" nie). En as 'n gemiddelde hoërskoolleerder ongeveer 6,8 ure per nag slaap, is nog gemiddeld 347 kalorieë daarmee heen.

Die ander tydverdryf waarvoor ons groeiende tieners so lief is: eet. Ons is geneig om net daaraan te dink dat kos kalorieë by die kaloriesom voeg, maar jy sal bly wees om te hoor dat ongeveer 10% van die kalorieë wat jy inneem deur kos, aan die minuskant gebruik word om dit te verteer en in jou liggaam te absorbeer. Gesonde tieners neem tussen 2000 en 3000 kalorieë per dag in, en van hierdie hoeveelheid word 200 tot 300 kalorieë verbrand om net die voedsel in jou bloedstroom te kry.

Meisies verbrand gemiddeld tussen 3490 en 4400 kalorieë per dag, terwyl seuns tussen 4090 en 5200 kalorieë verbrand. Deur normaal aan te gaan met jou daaglikse dinge, gebruik jy meer as 'n driekwart van jou daaglikse energiereserwes. Ja, om net te lewe is 'n sport! So, as jou ma jou nou weer van die rusbank afjaag en kla dat jy eerder moet gaan draf, as om so te sit en "niks doen" nie, kan jy dadelik vir haar die feite gee oor jou passiewe energieverbruik tydens jou rustige sofasittery. En onthou: as jy dalk blitsvinnig 'n paar ekstra kalorieë wil verbrand, vergeet net 'n paar *brownies* in die oond.

As jy te lui was om ekstra kalorieë te verbrand deur jou breinkrag in te span om hierdie artikel te lees, spaar gerus jou energie vir eet, kuier of tandeborsel, en kyk eerder na die opsommende grafiek:



# Kloof-krieket beter beste

Je-Miné de la Rey



*Kloof se eerste krieketspan*
- Foto: verskaf -

Die Kloof-krieketmanne van die eerste span het weer Waterkloof se naam hoog gehou tydens die onlangse Finsbury-krieketttoernooi! Op die rug van 'n suksesvolle 2022 het hulle die titaniese stryd teen hulle opponente in egte Klofie-gees, met kolf, blad en uitmuntende boulwerk, aangedurf.

Die manne mag dalk op dag een effens stadig uit hulle kolfkampies teen Potchefstroom Volkskool gewees het, maar dit het definitief nie hulle momentum – of moed – vir die res van die toernooi gebreek nie. Die Volkies het na 43.2 boulbeurte met 'n stewige 51 lopies in hulle sak kleedkamer toe gestap, maar op dag twee was Waterkloof gereed om in 'n japtrap met Rustenburg af te reken. Rustenburg is na net 39 boulbeurte hulle paaltjies kwyt, te danke aan die uitmuntende boulwerk van Wian Ruthven. Hy neem 3 paaltjies met slegs 15 lopies afgestaan in 2.4 boulbeurte. Daarna het Paul Oosthuizen behoorlik met die kolf ingeklim en 104 van Kloof se 164 wenlopies – met 9 paaltjies staande – gemoker! Centurion kon op dag drie geen weerstand teen die allemintige boulwerk van Marcus Bakker (4 paaltjies vir net 17 lopies afgestaan in 8 boulbeurte) en GJ de Swardt (3 paaltjies vir net 19 afgestaan in 7.5 boulbeurte) bied nie. Hulle is na 31 boulbeurte kleedkamer toe gestuur. In 'n uitmuntende vennootskap slaan Divan Behrens (54 lopies nie uit nie) en Paul Oosthuizen (50 lopies nie uit nie) Kloof se pad na 'n wenvertoning oop! In die naelbyt-finaal teen Menlopark moes Kloof egter die knie buig. Alexander Volschenk, wat vir die Titans o. 17-span speel, het 70 lopies aangeteken. Dit was egter nie genoeg om 'n oorwinning te verseker nie en Waterkloof verloor met 62 lopies teen Menlopark.

Hoërskool Waterkloof eindig tweede. Kloof-krieketmanne, julle maak ons trots! Ons weet julle sal nog hoër hoogtes bereik.

# Is daar iets in die water?

Mia van der Walt en Miné Naude

Vroeg op 'n somersoggend, voor die son jou al behoorlik kon groet, is jy op een missie: jy wil gaan koffie koop. Terwyl jy langs die krieketveld verbystap, sien jy dit. 'n Groep Klofie-swemmers in hulle natuurlike habitat, hard besig om vir hulle plek op die podium te oefen, met uitstekende afrigters wat om die swembad loop en die swemmers aanmoedig. Jy staan vir 'n oomblik stil en staar na die swemmers se grasieuse bewegings, en wonder hoe hulle so baie energie het, terwyl jy skaars jou oë kan oophou. Dan besef jy dat dit vir hulle meer as net 'n sport is, dit is 'n passie.

Die skool se swembad is skaars 'n halwe jaar oud, maar baie ure se oefening het al hier plaasgevind. "Ek het baie hoop vir die toekoms en glo vas dat ons in die A-bond hoort en dat ons nie sal stop voordat ons daar uitkom nie." Hierdie woorde van mnr. FJ Brand het uiteindelik 'n realiteit vir die Klofie-swemspan geword. Die swemmers van Hoërskool Waterkloof het op Maandag, 13 Februarie, aan die A-liga sweminterhoërgala by Hillcrest Munisipale Swembad deelgeneem. Die Klofie-swemmers het met vasberadenheid en selfvertroue op die duikblokke geklim en oor die blou water van die 50m swembad uitgekyk. Hulle was uiteindelik hier. Al die lang ure se oefening in die nuwe swembad was die moeite werd, hulle het hulle plek in die A-bond ingeswem.

Die meisies het 'n algehele 9de plek met 'n puntetelling van 223 behaal, terwyl die seuns met 264 punte, 'n 6de plek inneem. Die Klofies verwerf 'n totaal van 487 punte in die gemengdeskole-afdeling. Ses Klofies het gedurende die naweek van 9 Februarie die Midmar Myl geswem, suksesvol voltooi en ons skool se naam hoog gehou.

Ons sien uit na nog beter tye wat die Klofie-visse volgende seisoen sal losswem. Dalk is dit die reën, dalk is dit die nuwe swembad, dalk is dit al die ure se harde werk en deursettingsvermoë, maar wat ook al dit is: Kloof se swemspan plaas beslis die **WATER** in Hoërskool Waterkloof.



*- Fotograaf: Juandré le Roux -*

# Nie 'n pion nie, maar 'n koning in die skaakwêreld

Michaela Smith

"Daar is iets bevredigends daaraan om vir iemand 'skaakmat' te sê – dit is die beloning vir die inspanning van jou strategiese denke." So glo die Klofies se skaakkampioen, Ben Delport. Hy het Suid-Afrika se naam vir twee weke gedurende November 2022 in Sri-Lanka gaan hoog hou, waar hy aan die Statebondspele-skaakkampioenskap in die o. 18-opeafdeling gaan deelneem het. Hy het in die top-10 geëindig en was Suid-Afrika se topspeler. Hy het die beste in alle ouderdomsgroepe gevaar met 4.5/9 punte wat hy behaal het.

Hy het sy passie vir skaak op die ouderdom van agt ontdek en die skaakgogga het hom toe al gebyt. Sedertdien kon dié graad 11-leerder nie sy skaakstukke vir 'n sekonde neersit nie. Nie net het skaak 'n groot liefde van hom geword nie, maar dit het ook 'n baie positiewe invloed op sy akademie, veral Wiskunde, gehad.

Sy ma, wat op haar dag 'n Springbok-skaakspeler was, het die liefde vir die spel by hom gekweek. As enigste kind, was dit hom beskore om eerstehands by haar te kon leer en kon sy al haar aandag aan hom bestee.

Hy vertel dat die Statebondspele 'n baie groot ervaring was, wat hy vir niks sal verruil nie. Alhoewel hy daar was om skaak te speel, het hy die geleentheid gebruik om die land en sy kultuur beter te leer ken.

Ten spyte van al die roem, bly Ben steeds baie nederig. Skaak is Ben se groot liefde en passie en sy waardering vir die sport groei daagliks.



*Ben Delport*
- Foto: Verskaf -